



## SIMMENTALER: BTB 16-42 LIZTON PP

**EIENAAR: MNR. JOHAN STYGER (BOEKENHOUTTRUST)**

Mnr. Johan Styger besit BTB Simmentalers en boer op die plaas Schoemansfontein tussen Klerksdorp en Hartbeesfontein.

Biome op die plaas sluit in vleie, gemengde, natuurlike weiding, bergveld en aangeplante smutsvingergras.

BTB se teeldoelwit is volgehoue seleksie vir meerderwaardige, genetiese potensiaal (wins) met die Simmentaler-seleksie-indekse as maatstaf.

Die Elitebul, BTB Lizton PP, is sedert verlede jaar deel van BTB se homosigotiese (dubbelpoena) bulspan.

NAVRAE: E-pos: **johan@btbsimmentaler.co.za**; 082 460 8443.





## SOUTH DEVON: JM 16-2123 WINSTON GAME CHANGER

**EIENAAR: MNR. JOHN MILLER**

Die Winston South Devon-stoetery word op suurveld op ’n hoogte van 1 370 m tot 1 525 m op die plaas Winston by Cathcart aangehou.

“Ons teeldoelwit is om aanpasbare beeste te teel wat by ander boere sal uitblink,” sê mnr. John Miller, die eienaar.

Die Elitebul JM 16-2123 Winston Game Changer is die ideale, veelsydige bul. Hy het ’n sterk toplyn, uitsonderlike lang bespiering en ’n gladde haarkleed.

NAVRAE: E-pos: **johnm@breede.co.za**; **james@breede.co.za**; 083 659 8269 (John); 082 517 4887 (James).





## SUSSEX: NJB 17-0034

**EIENAAR: MNR. NICO BOUWER**

Die eienaar van die Witkwas Sussexstoetery, mnr. Nico Bouwer, aan wie die Elitebul NJB 17-0034 behoort, het ’n gemengde boerdery in Noordwes. Hy boer op Leeuwpan tussen Delareyville en Vryburg met Sussexbeeste, kommersiële beeste, mielies en sonneblomme. Die stoetery bestaan uit 80 produktiewe koeie. Die kudde het in 1994 begin nadat hy verse van mnr. Jan van Biljon se Niekerksrustkudde gekoop het.

Bouwer se diere loop hoofsaaklik op bloubuffelgras en natuurlike weiding. Witkwas NJB 17-0034 is die nageslag van ’n bul uit sy eie kudde.

NAVRAE: E-pos: **njbouwer@lantic.net**; 083 272 6158.







## TULI: HBH 16-0108 SURVIVOR

**EIENAAR: MNR. BEN RAATH (HEEL LINKS)**
**TELER: MNRE. RUSSELL EN EDWARD CLARK**

Mnr. Ben Raath se Donkerhoek Tulistoetery loop op Donkerhoek by Britstown in die Karoo. Daar het die beeste slegs tipiese Karooveld tot hul beskikking. Prestasietoetsing is ’n integrale deel van sy seleksieproses.

Die Elitebul Survivor is deur mnre. Russell en Edward Clark van die HBH Tulistoetery by Dordrecht geteel. Hy is besonder Tuli-tipies, beweeg gemaklik, vertoon goeie manlikheid en het ’n sterk voor- en agterkwart, goedgevormde skrotum en kort skede.

NAVRAE: E-pos: **braath@isat.co.za**; 083 468 6176 (Ben Raath); 082 573 0223 (Edward Clark).